

**Vrydag 18 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14**

**Fokusgedeelte: Psalm 27:8, 14**

**Wag op die Here HERE!**

Die woordjie “wag” is ryk in betekenis. Voorbeelde: Die wag van vier soldate het ’n *wagbeurt* van vier ure. Die *verwagte* vrou *wag* vir die geboorte. Simeon het die vertroosting van Israel *verwag*. ’n Tydsaspek.

Ook ’n diepere betekenis: Glo; vertrou; dien; geduld; staatmaak op; dankbaarheid; opbou; opsoek; vertoef in God se teenwoordigheid; toevlug neem; om te weet in Christus sal uitkoms stiptelik op sý tyd kom!

Sê jy ook (Ps. 27:4, 8) dat jy een ding begeer, en dit is om in die huis van die HERE te mag woon en om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek en dat jy sy aangesig soek? Is jy ook daardie moedelse persoon wat nou al alles gedoen het om kop bo water te hou? Sê jy ook dat al jou planne nou opraak? Sien jy ook net donkerte, magteloosheid, bedrog, diskriminasie, wanorde, haat, liefdeloosheid? Die vyande kom “om jou vlees te eet”! Oorlog dreig van alle kante.

Tog sê Dawid: “O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie ...” ’n Onvoltooide sin ...!? Hy wil sê: Was dit nie vir die geloof nie ... dan weet ek nie wat van my sou geword het nie!

*Geloof* is ’n belydenis: Die HERE is my lig en heil (of verlossing)! Al gebeur wát ... ek vertrou! Die HERE beskerm; is my skuilplek, hulp, vastigheid onder my voete. Vers 4: Die HERE is in Christus vir my lief.

Vers 14 vat saam: Die gelowige moet op die Here (Almagtige) én op die HERE (Verbondsgod) *wag*! Hierdie *wag* beteken: vlug na (vs 1) en psalmsing tot eer van Hom (vs 6).

Soek die HERE se aangesig op (vs 4, 8). Dit beteken letterlik: om die HERE se gesig te sien. Dán sien ek Hóm raak. Ek kan Hom vra: Lei en leer my om geduldig op U te *wag* in teëspoedtyd; en leer en lei my om dankbaar te *wag* op die voorspoed wat Hy nog op my pad sal bring!

*Wag* op die Here HERE beteken: Soek die Here op soos wagers: gedurigdeur; hopen; vertrouend! En as die Here HERE se verlossing soos die daagraad uiteindelik aanbreek, sal ’n soete vrede helder in my menswees skyn!

*Sing: Psalm 130-1:3, 4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)*